

Waarheid & dwaling

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

JAARGANG 8, NO 5 MEI 2002

REDAKSIONEEL

OPENLIKE VOORLIGTING TOT OPBOU OP DIE FONDAMENT VAN DIE KERK

Hierdie opskrif vertolk die beleid van *Waarheid en Dwaling* kort en kernagtig. Die Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel en die redaksie wil 'n diens lewer tot ontwikkeling van die hele gereformeerde lewe. Ons bind ons in al ons aktiwiteite aan die heilige Woord van God soos ons in die Drie Formuliere van Eenheid bely.

Ons doen niks in die geheim, agter geslote deure nie. Ons het niks om weg te steek nie. Voorligtingvergaderings wat ons hou, is vir elkeen toeganklik. Ons maandelikse publikasie kan deur elkeen wat dit wil, gelees word.

Daar is mense wat besware teen die openlike karakter van ons onderneming opper. Sommiges merk met verwysing na die reël van Matteus 18 op: Skryf nie, praat nie in die openbaar nie, maar spreek die betrokke broeders persoonlik aan. Ander sê: Los die polemie in die pers uit. As jy klagte het, wend jou tot bevoegde kerklike vergaderings vir beoordeling daarvan.

Kom ons toets hierdie klagte aan die onder ons geldende norme.

Moet ons polemie op grond van die reël in Matteus 18 nalaat?

Die kerkorde onderskei tussen heimlike en openbare sondes. Artikel 72 bepaal: 'As iemand ... ten opsigte van die suiwerheid van die leer of vroomheid van die wandel sondig, moet, in sover dit heimlik is en geen openbare aanstoot gegee het nie, die reël onderhou word soos Christus duidelik in Matteus 18 voorskrywe'. Die reël van Matteus gaan nie oor sake wat openbare ergernis in die kerke wek nie.

Moet ons openlike verweer teen openlike afwyking van die Skrif, die belydenis of die kerkorde op grond van Matteus 18 nalaat? Antwoord: Nee. Die reël wat Christus stel, is uitdruklik op heimlike sonde en nie op openlike geskrifte en die openlike weerlegging daarvan van toepassing nie.

Moet klagte oor openlike geskrifte onmiddellik in kerklike vergaderings aanhangig gemaak word?

As iemand in 'n geskrif of mondeling pertinente afdwaling van die Skrif openlik propageer, dan is

my antwoord: Ja. Bring die openlike afdwaling sonder versuim onder die aandag van diegene wat toesig oor die betrokke persoon moet uitoefen. Dan kan die dwaling betyds skriftuurlik bestry word. Broeders wat met gloed dwaalleer uitdra, moet ons 'met vrees red deur hulle uit die vuur te ruk'. Ruk hulle daaruit. Oefen kerklike tug uit om hulle skerp tot besinning te roep. Die Here voeg daaraan toe: 'en ook die kleed moet julle haat wat deur sonde beplek is'. Laat julle op geen enkele manier deur dwaalgeeste beïnvloed nie.

Indien iemand begin dwaal, wys die Skrif ons 'n ander pad om te bewandel. Aan mense 'wat twyfel', moet ons 'barmhartigheid bewys' (sien Judas, verse 22-23). Hoe moet ons dit doen? Spreek hulle wat openlik begin dwaal, openlik aan. Die apostel Paulus vertel in Galasiërs 2:11-14 hoe hy Petrus openlik, in die teenwoordigheid van almal, teëgestaan het.

Waarom openlik? Om twee redes. Openlike weerlegging van afdwaling laat 'n opregte gelowige wat verstrik is, heilsaam skrik en vinnig van die verkeerde pad terugkeer.

Tweedens moet openlike afdwaling openlik afge-wys word sodat elkeen wat kennis neem, die geeste op die proef kan stel 'of hulle uit God is' (1 Johannes 3:1). God se hele volk is gesalf met die Heilige Gees (1 Johannes 2:20, 27). Die Here roep elke gereformeerde in sy en haar amp van gelowige om die ontwikkelinge in die kerklike lewe aan sy Woord te toets. Ons mag hierdie plig om te toets nie aan ons dominees oorlaat nie. Elke gelowige moet dit doen. Ons blad gee voorligting om die gelowiges by toetsing behulpsaam te wees.

Gesprek met kuratore

Die vraag kom na vore: Wanneer breek die oomblik aan waarop ons die kerklike weg moet inslaan? Ons het hierbo betoog. In sommige gevalle moet dit onmiddellik gebeur. In ander gevalle moet ons ons ten minste voorlopig tot broederlike en openlike polemie beperk.

Verlede jaar Oktober het ons 'n openbare vergadering oor ons teologiese skool gehou. Die toesprake is in die laaste Oktober-uitgawe van

1 Joh 4:6

"Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling"

INHOUD

- Redaksioneel**
Openlike voorligting tot opbou op die fondament van die kerk
- Skrifoordenking**
Sing tot eer van die HERE
Dr AH Bogaards
- Op die kerkerf**
 - Skrifgesag - Christus - Die Psalmberyming 2001*
Prof VE d'Assenville
 - Wat van redes vir aanvaarding van die Cloete-omdigting?*
Dr JG Meijer
- Regsmidiese etiek**
Eutanase
Regsbeginsels en bybels gefundeerde oorwegings (3)
Dr AH van den Bout
- Rekenaar en internet**
En nog 'n biblioteek
Spindle Works
Dr AH Bogaards
- 'n Rand per week vir die biblioteek**
Eindredakteur
- Mediese etiek**
Tot hoe lank?
Prof JM Boon
- Persskou**
Onverwagse kritiek op GKSA
Ds GJ Meijer

Waarheid en Dwaling gepubliseer. Na die bespreking is besluit om die kuratore te versoek om ons te woord te staan. Kuratore hou namens die kerke toesig oor die skool. Ons betree dus met hierdie versoek die kerklike weg.

Die kuratore het besluit dat hulle dagbestuur met ons sal praat. Die gesprek vind plaas DV op 27 Mei op Potchefstroom.

Ons lesers sal op die hoogte gehou word sodat hulle in die amp van gelowige kan toets.

Mag die Here sy kerke en hulle teologiese skool op die fondament van die kerk, sy ewige evangelie, bewaar. Mag die toesig oor die skool Hom welgevallig wees en bly. En mag die gesprek wat ons hoop om te voer, daaraan diensbaar wees.

SKRIFOORDENKING

Sing tot eer van die HERE

Dr AH Bogaards, Daniëlskuil

Psalm 98:1,9

Sing tot eer van die HERE 'n nuwe lied, want Hy het wonders gedoen; sy regterhand en sy heilige arm het Hom gehelp ... want Hy kom om die aarde te oordeel; Hy sal die wêreld rig in geregtigheid en die volke met reg.

Sing ons nog? Nee, ek bedoel nie net in die kerk nie. Sing ons nog by die huis?

Die HERE se kerk in Ou en Nuwe Testament was 'n singende kerk. God se daede het hulle bly gemaak. Dit het hulle gestem tot dankbaarheid, tot lofprijsing.

Die opdrag om te sing

'Sing tot eer van die HERE 'n nuwe lied' (vers 1). Dit is 'n bevel. Israel en die kerk van vandag moet sing.

Psalm 98 is 'n lofpsalm, 'n danklied.

Totius het vers 1 skitterend vertaal: 'Sing tot eer van die HERE 'n nuwe lied'. Daarop is hierdie Psalm en alle liedere in die Bybel gerig: op die eer van die HERE. Hy moet geloof word *vir wat Hy gedoen het en nog doen en sal doen*. Daarop moet ook ons hele lewe gemik wees: om God te eer (Romeine14:8).

Dit is ook 'n Psalm wat *onder alle omstandighede* gesing kan word. Paulus en Silas sing in die tronk in Filippi. Wat sing hulle? 'Lofliedere tot eer van God' (Handelinge16:25)!

Hoe kon hulle? En hoe kan ons selfs onder die moeilikste omstandighede sing? Dit verstaan ons as ons gaan kyk na die redes waarom ons die HERE moet loof.

Die redes waarom ons moet lofsing

'Stof tot dankbaarheid' - ons ken die uitdrukking, nie waar nie? Daarmee bedoel ons: ons het rede om dankbaar te wees. Ons het miskien iets moois ontvang of dit gaan goed met ons finansies. Dan sê ons: 'Ek het stof tot dankbaarheid'. En...stof tot dankbaarheid is daar in oorvloed vir ons as gelowiges. *Die HERE se daede* is dié stof vir 'n danklied.

Die digter begin die rede waarom ons God moet loof, al twee kere met die woordjie 'want'. By

die eerste 'want' (vers 1) gaan dit om wat die HERE *gedoen het* en by die tweede 'want' (vers 9) hoor ons wat Hy *nog sal doen*. Die digter gaan staan as 't ware voor ons. Hy wys met die een hand terug na dit wat die HERE gedoen het in die geskiedenis. Met die ander hand wys hy vorentoe.

Wat die HERE gedoen het

• 'Hy het wonders gedoen', sê die Psalmdigter (vers 1).

Die geskiedenis van God se kerk is 'n ketting, 'n aaneenskakeling van wonderdade van die HERE. Die evangelie van die kruis is een groot wonder. Die Bybel is 'n wonder-boek. Wonderlik wat die HERE alles gedoen het om sy kerk te verlos en te bewaar.

Dit roep om *verwondering* van ons kant. Lofsegging. Verwonder ons ons nog oor die wonders van God in die Bybel? Is dit vir ons nog 'n wonder dat die HERE na sondaars soos ons omgesien het?

In die res van vers 1 en verder tot aan die einde van vers 3 spel die Psalmdigter dit uit wat hy bedoel met die wonders wat die HERE gedoen het. Dit gaan van begin tot end om God se werk in sy Seun. Vra u om die *wonders van God* te spel? Dit word *gespel* in die Naam *J-E-S-U-S!* Ja, Psalm 98 is soos al die ander Psalms 'n Christuslied. Kom ek wys dit vir u.

In die tweede deel van vers 1 lees ons: 'Want sy regterhand en sy heilige arm het Hom gehelp'. Eintlik moet ons vertaal: 'Want sy regterhand en sy heilige arm het vir Hom *verlos*'. In die oorspronklike teks hoor ons in daardie woord 'verlos' die Naam Jesus. Dieselfde geld van die woord 'heil' of verlossing in vers 2: 'Die HERE het sy heil (sy verlossing) bekendgemaak'.

Dit gaan oor Jesus. Dit word nog duideliker as ons verstaan wat met die HERE se *regterhand en sy heilige arm* bedoel word. 'Sy regterhand en

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

Voorsitter:

Dr AH van den Bout
Tel (012) 332-2988
E-pos: vdenbout@mweb.co.za

Redaksie:

Ds ALA Buys
A Juyn
Ds GJ Meijer
Dr JG Meijer
Ds SJMS Smit

Eindredaksie:

Dr JG Meijer
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 329-1465
E-pos:
jgmeijer@cybertrade.co.za

Medewerkers:

Dr AH Bogaards
Prof JM Boon
Prof JC Coetzee
Prof GJC Jordaan
Dr AH van den Bout

Administrasie-adres:

Waarheid en Dwaling
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 335-9134
(Mev Hanneke Das)

Bankrekeningnr:

Spaarrekening 9054701904
ABSA
Pretoria Waverley Plaza

Intekengeld:

R 100 per jaar

Taalkundige versorging:

Mev Rita Botha

Tegniese versorging:

Printburo
Posbus 25316
Gezina
0031
E-pos: printbur@mweb.co.za

sy heilige arm het vir Hom verlos'. Wat is die regterhand van die HERE? Of, beter gesê: Wie is die regterhand van die HERE? Dit sê die profeet Jesaja vir ons in daardie wondermooie profesie van hoofstuk 53, daardie stuk oor die lyding van Jesus. Die profeet begin met die vraag: '... aan wie is die arm van die HERE geopenbaar?' (vers 1) Dan gee hy 'n beskrywing van die arm van die HERE: '... Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregthede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom...' (vers 5). Ek kan aan geen beter beskrywing van die uitdrukking 'die arm van die HERE' dink nie. Wil u die arm van die HERE sien? Die Seun van God aan die kruis - dít is sy arm. Die opstanding van Jesus, sy oorwinning oor die dood - dít is die arm van God.

Waar vind ons die arm van die HERE vandag? Die evangelie van ons verlossing is die arm van die HERE. Die Bybel is sy reddende regterhand. Daardie arm red ons van die sonde en die dood, van die duiwel en die wêreld. Wonderlik dat die HERE in die erediens sy arm, sy Woord, reddend na ons toe uitsteek. Wonderlik dat u die arm van die HERE, die Heilige Skrif, in u huis mag hê. Wonderlik dat die HERE met daardie arm van Hom bevrydend wil ingryp in al u nood en dood.

*'Sy arm ontbloom Hy uit die hoogte
en red hul siele van die dood.'* (Berymde Psalm 33:10)

Wat die HERE nog gaan doen

- Dit staan in vers 9: '(jubel), want Hy kom om die aarde te oordeel...'

Die Seun van God kom op die wolke van die hemel as regter van wat dood is en wat leef.

Is dit stof tot lofprysing? Sekerlik! Ons Heidelbergse Kategismus (antwoord 52) sien hierdie komende wonderdaad van die Seun as 'n besonder troosryke gebeurtenis. Midde in alle droefheid en vervolging sien ons met gespanne afwagting daarna uit. Dan sal ons verlossing immers volkome wees. Dan sal al sy en my vyande in die poel van vuur gewerp word. Dan sal ek saam met al die uitverkorenes na Hom in die hemelse blydskap en heerlikheid geneem word. Wat 'n wonder!

Nee, dit is nog nie so ver nie. Dit is egter vir die gelowige Psalmidigter so seker, dat hy ons nou alreeds kan oproep om God daarvoor te loof. Gelowiges is mense met uitsig. Hulle hoop plaas 'n stempel op hul lewe: dit stem tot dankbaarheid, selfs in die diepste smart.

*'Ja, ek lofsing in die nag,
want ek bly die HEER verwag'.
(Berymde Psalm 42:5)*

Waarom was die Psalmidigters so vol lofprysing en blydskap? Omdat hulle stilgestaan het by die hartklop van die evangelie: by God se daad in sy Seun. Ons moet langs hulle gaan staan: by die kruis en die oog gerig op die wolke. Daar word die lofsegging gebore.

OP DIE KERKERF

Die kerkraad van die Gereformeerde Kerk die Kandelaar het professor VE d'Assonville versoek om in 'n vergadering met die gemeente voorligting oor die 'nuwe psalmberyming' te gee. Professor d'Assonville het tot die versoek ingewillig. Die toespraak wat hy gelewer het, volg hieronder. In die tweede artikel in hierdie rubriek word besin oor redes wat vir aanvaarding van die Cloete-beryming in die pers aangevoer word.

Skrifgesag – Christus – Die Psalmberyming 2001

Prof. VE d' Assonville

Met artikel 7 van die Nederlandse Geloofsbelydenis staan of val die ware kerk van Jesus Christus. Dit is die belydenis oor die gesag van die Heilige Skrif. Dit is die *Sola Scriptura* (die Skrif alleen) van die 16de eeuse Reformasie.

Elke skeuring in die kerk, elke afskeiding weg van die valse kerk, elke doleansie (treur oor die dwalings), en elke vrymaking van onbybelse besluite, gaan op die end oor die erkenning van die gesag van die Heilige Skrif. Dit gaan oor die enkele belydenis of die Bybel God se Woord is. Dit is goed dat ons in die beoordeling van die nuwe Afrikaanse Psalmberyming van 2001, wat reeds deur die groot NG Kerkverband van SA en die sterk Hervormde Kerk van Afrika aanvaar is en deur die betrokke deputate van die GKSA goedgekeur is, weer 'n slag artikel 7 van die NGB goed lees:

'Ons glo dat hierdie Heilige Skrif die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo daarin volkome geleer word. Aangesien die hele wyse waarop God deur ons gedien moet word, daarin breedvoerig beskrywe word, mag ook niemand, selfs nie die apostels nie, anders leer as wat ons reeds deur die Heilige Skrif geleer word nie - ja, al was dit ook 'n engel uit die hemel, soos die apostel Paulus sê (Gal 1:8). En aangesien dit verbode is om iets by die Woord van God by te voeg of daarvan weg te laat (Deut 12:32), blyk dit duidelik dat die leer daarvan heeltemal volmaak en in alle

opsigte volkome is. Ons mag ook geen geskifte van mense, hoe heilig die mense ook al was, met die Goddelike Skrif gelykstel nie; ook mag ons nie die gewoonte of die groot getalle of oudheid of opvolging van die tye of van persone of kerkvergaderings, verordeninge of besluite met die waarheid van God gelykstel nie, want die waarheid is bo alles. Alle mense is immers uit hulleself leuenaars en nietiger as die nietigheid self (Ps 62:10). Ons verwerp daarom met ons hele hart alles wat nie met hierdie onfeilbare reël ooreenkom nie, soos die apostels ons leer as hulle sê "... maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is" (1 Joh 4:1), en "as iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie..." (2 Joh:10).'

Nou word dit vir ons ontsettend moeilik in die kerk. Met die opdring en propagering van die nuwe Afrikaanse Psalmberyming in die gemeentes van die GKSA-verband, het ons reeds in 'n krisis-situasie inbeweeg. Dit word 'n radikale keuse: Die Woord van God òf die woord van mense! Ook eis die belydenis oor die gesag van die Skrif in artikel 7 van ons 'n ingrypende ding: So 'n mens - wat die gesag van God se

Woord verwerp - mag jy nie eens in jou huis ontvang nie! Ten minste verstaan ons dit: So 'n mens, wat die gesag van God se Woord verwerp, moet jy nie op jou kansel toelaat nie. Nou begin u besef waarom ons van 'n krisis in die GKSA begin praat.

Hier lê die crux van ons probleem met die nuwe Afrikaanse Psalmberyming: Hierdie geskryf wat deur sinodale deputate goedgekeur is en aanbeveel word om in die kerke gesing te word, verwerp die gesag van God se Woord. So word die 'skape van die Here se kudde' gedwing om op hierdie dwaalpad te gaan. Deur 'n nuwe kerklied wat deur kerkleiers gepropageer word, en 'n digter wat ereprys na ereprys met somme geld en erepenninge (Andrew Murray-prys en ATKV-prys) daarvoor ontvang, word 'n nuwe, ongereformeerde teologie (die sogenaamde liberale 'Gemeente-teologie' wat die Skrifgesag verwerp) in die gemeentes ingedra. En dit word met 'n 'blymoedige hardkoppigheid' (WEG Louw se woorde) gedoen. Tot sover word proteste in gemeentes wat vir die nuwe beryming kies, met 'n passiewe weerstand gesmoor en dit skyn of 'n onsigbare hand van mag meedoënloos sy saak deurdruk, kom wat wil.

Verwydering van die Christusprofesieë

Dit is die *aller ergste* wat die manne van die nuwe beryming (waaronder teoloë van die GKSA) gedoen het. Dit was met opset. Aanvanklik het ons nog gedink dat die verwydering van Christus uit die Psalms dalk *onwetendheid* was, kom ons sê, nie doelbewus nie, miskien omdat daar nie kennis van die Hebreeuse teks is nie; iets soos 'n onbewaakte oomblik hier en daar. Eers het ons gedink dat as ons maar die bewyse oor die verwydering van Christus lewer, dan sou die digter of die deputate of kerkrade deeglik op die saak terugkom en die produk verbeter kon word. Maar moenie glo nie: Die digter, TT Cloete, verklaar in *Rapport* van 4 November 2001 dat hy dit *met opset* gedoen het. Die presiese weergawe in die betrokke koerant lui dat hy die 'Messiaanse verwysings in sekere psalms ... op grond van nuwe navorsing verwyder' het.

Nou is daar geen onduidelikheid nie. Die Nuwe Beryming (NB) en die teologiese adviseurs skroom nie om gedeeltes van die Heilige Skrif te verwyder nie. Die NB en die teologiese adviseurs skroom nie om die gesag van die Woord te verwerp nie. Die NB en die teologiese adviseurs skroom nie om ons Here Jesus Christus uit die Psalmsang te verwyder nie. Hulle huiwer nie om die teks waarin Jesus self sê oor wat van Hom in die Psalms geskrywe is, naamlik Lukas 24:44 uit die Bybel te skeur nie:

Dit is die woorde wat Ek met julle gespreek het toe Ek nog by julle was dat alles wat oor My geskrywe is in die wet van Moses en die profete en die psalms, vervul moet word.

Dit is hierdie *psalms van Christus* wat ons in die kerk moet sing!

Die NB verwyder Christus *met opset* - so sê die digter op 4 November 2001 - 'op grond van', - let wel - sogenaamde 'nuwe navorsing'. Hiermee is artikel 7 van die NGB verwerp en daarmee ook die gereformeerde belydenis.

Watter Bybeltekste oor Christus is doelbewus verwyder?

Psalm 2:7: Die woorde 'U is my Seun, vandag het Ek self U gegeneer.' Die NB het dit verwyder terwyl Paulus juis hierdie teks uit Psalm 2 in sy preek in *Hand 13:33* aanhaal en dit direk

op Jesus Christus toepas. Ook *Heb 1:5* en *Heb 5:5* haal Psalm 2:7 aan en pas dit op Jesus Christus toe. Die NB het dit egter verwyder. Dit is 'n radikale verwerping van die Skrifgesag. Die Totius-beryming handhaaf daarenteen die gesag van die Woord. Ons sing in die kerk:

En Ek, die Vors, so hoog in mag en eer, sal Gods besluit die wêreld oor laat klink: 'Ek self (sê God) het U gegeneer: U is my Seun uit wie my beeltnis blink...'

Psalm 22:2: Die woorde 'My God, my God, waarom het u my verlaat?', het die NB verdraai. Dit is die enigste Psalmberyming ooit wat dit gewaag het om so iets te doen. 'n Growwe minagting van die Skrifgesag. Die Totius-beryming lui soos volg:

My God, my God, waarom verlaat U my?...

Psalm 22:8 (bespotting en skud van die hoof oor Christus aan die kruis). Die NB het dit verwyder. Dit is 'n profesie oor Jesus Christus en *Matt 27:39* haal dit aan. Die beryming van Totius vertolk dit soos volg:

My heilswagting krenk hul met hoofgeskud en diep wagting...

Psalm 22:17b (hande en voete deurgrawe) is 'n profesie van die spykers deur Jesus se hande en voete aan die kruis (vgl Calvyn se kommentaar). Die NB het dit verwyder. Die beryming wat ons nog van 1937 af gesing het, lui soos volg:

... 'n bende skenders staan om my 'n kring. Hul staal het my deur hand en voet gedring.

Psalm 22:23 (die broers van Dawid). *Heb 2:12* haal hierdie vers uit Psalm 22 aan en pas dit op die 'broeders' van Jesus Christus (dit is ons!) toe. Die brief aan die Hebreërs praat van hierdie broeders 'in die midde van die gemeente'. Psalm 22:23 word uit die psalm deur die NB verwyder. Moedswillige verwerping van die Skrifgesag. Die Totiusberyming handhaaf die Skrif:

Ek wil, o HEER, u Naam my loflied wy, in broederkring verkondig en bely.

Psalm 22:24 (die nageslag van Jakob). Dit dui op die HERE se verbond met die beloftes van genade vir Christus se Nuwe Testamentiese Kerk. Die NB het hierdie teks uit die psalm met opset verwyder. In die 1937-beryming sing ons nog steeds Sondag in die kerk:

Nakomelinge van Jakob, volk van soveel seëninge, en Israel, geslag van gunsteling. . .

Psalm 31:6: 'In u hand gee ek my gees oor'. Dit is die laaste kruiswoord van Jesus wat in *Luk 23:46* aangehaal word. Verstommend: Die NB het hierdie kruiswoord uit Psalm 31 verwyder, nie uit onkunde nie, maar met opset, doelbewus. Geen sprake meer van God se Woord nie. Maar Sondag sal daar gemeentes wees wat 'n suiwer beryming sal sing:

Ek gee my gees oor in u hande, my Redder, wat my trou in veil'ge hoede hou.

Psalm 37:11: Die ootmoediges sal die aarde besit. In *Matt 5:5* is dit Jesus Christus se saligspreking. In Psalm 37 word dit vyf keer herhaal (verse 9, 11, 22, 29 en 34). Die NB het dit egter al vyf kere verwyder, selfs nie één keer genoem nie. Die 1937-beryming roem egter oor hierdie 'erfdeel' vir God se kinders:

Sagmoediges sal alles erf

Psalm 41:10: Jesus se *verraaier*, Judas Iskariot. *Joh 13:18* haal Psalm 41:10 presies aan en pas dit op Jesus Christus se

verraaier toe. Die NB het hierdie uiters belangrike vers uit Psalm 41 verwyder. Totius berym dit soos volg:

Selfs wie met my verkeer, my troue vriend, my disgenoot, dié hef sy voet om my te tref.

Psalm 45:7: 'U troon o Elohim (God) is vir ewig en altyd: die septer van u koninkryk is 'n ewige septer'. *Heb 1:8* haal Psalm 45:7 aan en pas dit op Jesus Christus toe. Die NB het egter besluit om hierdie profesie oor Jesus Christus in die Bybel te verwyder. Met opset. Tot sover het die Gereformeerde Kerke nog hierdie Evangeliewoord bewaar en gesing:

U troon hou stand in storm en stryd u septer is regverdigheid.

Psalm 45:8: 'U het geregtigheid lief en haat goddeloosheid. Daarom het, o God, u God U gesalf met vreugde bo u metgeselle'. *Heb 1:9* haal hierdie vers presies aan en pas dit toe op Jesus Christus. Die NB het ook hierdie belangrike Messiaanse profesie in Psalm 45 verwyder. Totius berym hierdie Christus-profesie soos volg:

U, Koning van so 'n ryksgebied, het God met vreugdesalf oorgiet.

Psalm 47:6: 'God vaar op met gejuig, die HERE met basuingeklank'. Dit is 'n uitdruklike profesie oor Christus se hemelvaart (vgl. Calvyn en ander gereformeerde Skrifverklaarders se kommentaar op hierdie teksvers). Die hemelvaart is 'n sentrale waarheid in ons geloof. Die NB het dit egter uit die Psalmboek verwyder. In die 1937-bundel sing die gemeente dit soos volg:

God vaar voor die oog met gejuig omhoog; die trompette blink, die basuine klink...

Psalm 67:3: Die heil (redding) van die nasies. Hierdie Psalmvers word in die *lofsang van Simeon (Luk 2:30-32)* aangehaal. Dit is 'n messiaanse verwysing na Jesus Christus. Die digter TT Cloete het dit met opset verwyder en sy adviseurs het dit goedgekeur. In ons huidige Psalmboek word die Skrifgesag ten volle gehandhaaf:

Die nasies wat U nou nie prys nie, hul sal U loof, hul almal saam.

Psalm 68:19: 'U het opgeklim na die hoogte, U het gevangenes weggevoer'. *Ef 4:8-10* haal hierdie Psalmvers aan en pas dit toe op die hemelvaart van Christus. Die NB hou nie met die Nuwe Testament rekening nie en laat die woorde 'U het opgeklim na die hoogte' weg. Weereens is die prediking oor Christus verwyder. Die NB sing nie meer van die Here se hemelvaart soos in die ou Psalmboek nie:

U het omhoog gevaar vol eer ...

Psalm 69:10a: 'Die ywer vir u huis het my verteer'. Jesus Christus se dissipels haal hierdie vers uit Psalm 69 in *Joh 2:17* aan en pas dit op Hom toe. Dit was na die tempelreiniging. Die NB het hierdie profesie oor ons Heiland verwyder. Totius het dit berym:

... 'n ywer vir u huis en eer - dit het my soos 'n vuur verteer...

Psalm 69:10b: 'Die smaadhede van die wat u smaad, het op my geval'. Paulus skryf sy brief aan die Romeine en in hoofstuk 15:3 haal hy Psalm 69:10 aan en pas dit toe op Jesus Christus. Die NB het egter besluit om hierdie messiaanse profesie van die psalm uit die Bybel te haal, ondanks die feit dat Paulus sê 'soos daar geskrywe is'. Die manne van hierdie nuwe beryming wil nie hê dat die gemeente soos volg moet sing nie:

...smaadwoorde sonder maat of tal het, HEER, om U, op my geval.

Psalm 82:6: 'Ek self het gesê: Julle is gode, en julle almal seuns van die Allerhoogste'. In *Joh 10:34* haal Jesus self hierdie Psalmvers teenoor die ongelowige Jode aan en sê verder vir hulle dat 'die Skrif nie gebreek kan word nie'. Die NB huiwer egter nie om juis hierdie Skrifwoord te breek en dit te verwyder nie. Die Totius-beryming laat egter geen twyfel nie en ons sing Christus se woorde:

'Jul 's gode, ja, my seuns,' dit was my woord. 'Nogtans - jul sal soos alle vorste val.'

Psalm 89:13: 'Ek het Dawid my kneg gevind, met my heilige olie hom gesalf'. Ons gaan dadelik na *Hand 13:22*: Paulus preek op sy eerste sendingreis in die sinagoge van Pisidië. Hy haal Psalm 89:13 aan en sê dat Dawid hier van Christus gespreek het: Dawid se koningskap dui op die koningskap van Jesus Christus. Die NB en die teoloë wat die digter volg, sê egter: Nee, ons moet hierdie Psalmvers oor Jesus Christus verwyder. Maar die gemeente sing die teks reeds jare lank, eeue lank in die Franse, die Duitse, die Nederlandse, die Engelse, die Hongaarse en in alle ander Psalmboeke, ook in die Totiusberyming:

My hulp verleen Ek aan 'n held deur My verkore, aan Dawid, aan my kneg, met kosb're salf oorgote, wat Ek verhoog het uit sy stam- en ryksgenote.

Psalm 91:11-12: Satan haal hierdie verse in *Luk 4:12* – die versoeking op die tempeldak – aan. Maar wat doen die NB? Dit word so verkort dat die eintlike punt, *God se bevel*, weggelaat word. Totius het hierdie 'bevel' in die beryming behou met die woorde:

Hul bied op Gods bevel hom aan die hulp van will'ge hande, en dra hom, waar die reispad gaan, oor ruwe rotserande.

Psalm 110:1: 'Die HERE (Jahwe) het tot my Here (*Adonai*) gespreek'. Hierdie Psalmvers is die een wat die meeste (13 keer!) in die Nuwe Testament aangehaal word en op Jesus Christus toegepas word. Jesus haal hierdie Psalmvers self aan en pas dit op Homself toe (*Matt 22:44*, *Mark 12:36*, *Luk 20:42*).

Maar wat doen die digter TT Cloete? Oop en bloot skryf hy in *Die Kerkbode* van 13 April 2002: *Psalm 110 is nie 'n Messiaanse Psalm nie!* Hy grond sy standpunt onder andere op 'my teologiese adviseurs' en die Rooms Katolieke priester *Bonaventura Hinwood*.

Het die digter en die teologiese adviseurs (!) nog nooit *Matt 22:44-46* (ook *Mark 12:35-37*; *Luk 20:41-44*) gelees nie? Daar haal Jesus Christus self Psalm 110 aan om vir die Fariseërs sy godheid te bewys. Hy, Christus, is die *Adonai* (Here) van Psalm 110. Die NB het egter die *Adonai* van Psalm 110:1 heeltelmal verwyder en dit met 'koning' (Hebreeus *mèlek*) wat nie in die vers voorkom nie, vervang. (Die 1983-Bybelvertaling het dieselfde fout gemaak).

FINALE OPMERKING

Die **verwydering van Christus uit Psalm 110** deur die Nuwe Afrikaanse Psalmberyming en die verklaring van die digter in *Die Kerkbode* van 13 April 2002 dat hierdie psalm 'nie 'n Messiaanse Psalm is nie', is nie alleen 'n growwe **minagting van die Skrifgesag** nie, maar een van die grootste **dwalings** wat in die kerk deur die gemeente se sang **goedgepraat** (-gesing) word:

1. **Die godheid van Christus** (artikel 10 van die Nederlandse Geloofsbelijdenis) **word verwerp**. *Hand 2:34-35*, *Rom*

8:34, 1 Kor 15:25, Ef 1:20-22, Heb 1:13, Heb 5:6, Heb 7:17, Heb 8:1, Heb 10:13 en 1 Pet 3:22 bewys hierdie godheid met *Psalm 110*. Nie 'n Messiaanse Psalm nie? Die gemeente moet as hulle die NB begin sing, weet van hierdie onwaarheid.

2. **Die Heilige Gees word geloën.** 'n Streep word deur *Petrus se Pinksterpreek* (Hand.2:14-36) getrek, want die apostel se bewys dat *Jesus Christus sy Heilige Gees uitgestort het*,

word in vers 34 deur *Psalm 110* bewys! Nie 'n Messiaanse Psalm nie? Moenie dit aan God se gelowige kinders vertel nie. Dit is 'n *valse leer*.

3. As *Psalm 110* nie 'n Messiaanse Psalm is nie, soos wat TT Cloete en sy adviseurs en 'n Roomse priester sê, dan het **Jesus se antwoord aan Kajafas en die Joodse Raad in Mark 14:62** geen betekenis nie, want Hy antwoord hom met ***Psalm 110***.

Wat van redes vir aanvaarding van die Cloete-omdigting?

Dr JG Meijer, Pretoria

In die pers, ook in ons kerklike blaaië, verskyn gereeld briewe van lesers oor die 'nuwe Psalmberyming'. Voor- en teenstanders laat van hulle hoor. Ons luister in hierdie artikel na die stemme van voorstanders. En ons besin daarvoor.

Voorstanders van die nuwe beryming voer drie redes vir aanvaarding daarvan aan:

1. Die Totius-beryming word nie meer verstaan nie,
2. Die Cloete-beryming is mooi, moderne Afrikaans en
3. Die Here roep ons om mekaar te aanvaar.

Kom ons oorweeg die redes wat voorstanders aanvoer in die lig van die Skrif.

Waarom word die Totius-beryming nie meer verstaan nie?

Voorstanders van die nuwe beryming merk op: Die Totius-beryming het in die Afrikaanse taal se vinnige ontwikkelingsproses verouder geraak. Die Afrikaans uit die dae van Totius word deur Nederlandisme en gebruik van argaïese woorde gekenmerk. Talle van ons ouer mense en veral die jeug verstaan nie meer die betekenis van baie woorde en frases in hierdie beryming nie. Om hierdie rede behoort die ou beryming uit die liturgie-boek van die kerke te verdwyn en met 'n nuwe een vervang te word.

Mag gereformeerde kerke 'n Psalmboek wegdoen omdat die inhoud nie verstaan word nie? Ek dink ons moet 'n ander vraag stel. Hoekom verstaan broeders en susters en hulle kinders nie die berymde Psalms wat meer as 'n halwe eeu gelede deur die kerke aanvaar is en sedertdien voortdurend gesing word nie? Waarom raak hierdie Psalmbundel onbekend en onbemind?

Die nie verstaan kom uit nalatigheid voort. Om in die Here te glo en sy Woord te verstaan, kom nie na 'n mens toe aangewaaï nie. Dit vra inspanning, oefening, insette binne die kring van die verbond.

Ek volstaan in hierdie verband met slegs enkele verwysings na die Skrif. Die Here sê vir Timoteus en daarmee saam vir elke voorganger en lidmaat: '... oefen jou in die godsaligheid' (1 Timoteus 4:7). Hoe ontstaan geestesvermoëns 'om goed van kwaad te onderskei'? Kinders van God ontvang hierdie vermoëns, 'deur die gewoonte geoefen' (Hebreërs 5:14). Oefening in geloof moet al in die jeugjare onder leiding van die oueres begin. 'Oefen die seun volgens die eis van sy weg; dan sal hy, ook as hy oud word, daar nie van afwyk nie' (Spreuke 22:6).

Enige belydende lidmaat van die kerk wat sy of haar onkunde oor die betekenis van woorde in die Totius-beryming uitbasuin, erken eie nalatigheid. So iemand het hom kennelik nie

ingespan om die onbekende woorde en frases wel te verstaan en aan die kinders te verduidelik nie.

In die beoordeling van enige Psalmberyming mag kerke nie die wense van nalatiges inwillig nie. Hulle behoort daarenteen vermaan te word om hulleself en hulle nageslag in die geloof te oefen. Deur oefening leer ons vertaalde woorde van die Here verstaan. Dit behaag Hom om deur voortdurende oefening ons geloof te versterk.

Individuele voorkeur vir die Cloete-omdigting

Die tweede rede wat mense aanvoer om Cloete se omgedigte Psalms te aanvaar, gaan oor die taal en die melodieë daarvan. Die taal is eenvoudig, verstaanbaar. Mense sê: Die wysies sing so lekker ...

Hierdie voorstanders van die nuwe beryming neem in hulle oordeelvorming net hulle persoonlike gevoelens in ag.

Mag voorkeur by aanvaarding van 'n Psalmberyming dan nie in berekening gebring word nie? Sekerlik wel, maar nie uitsluitlik nie. As twee berymings ten spyte van tekortkomings wat alle arbeid in die wêreld na die sondeval aankleef, in hulle geheel beskou, die oorspronklike Bybelteks in ons taal sorgvuldig weergee, mag individuele voorkeur vir een van die berymings in die besluit tot aanvaarding meetel. Let wel: Eers moet vasstaan dat beide berymings Skrifgetrou is. As dit deur toetsing vasgestel is, dan – nie eerder nie – mag individuele voorkeure in die oordeelvorming betrek word.

Briefskrywers in die pers juig oor die nuwe beryming voordat hulle die skriftuurlike aanvaarbaarheid daarvan getoets het. Dié gejuig verhef persoonlike voorkeur tot maatstaf vir kerklike aanvaarding van die Cloete-omdigting. Kerke van Christus loop nie blindelings agter juigende skares aan nie, maar beantwoord na diepgaande toetsing die vraag of die nuwe beryming in die lig van die Woord bestaansreg mag hê.

Is die roeping om mekaar te aanvaar, van toepassing?

Die derde rede wat aangevoer word om die Cloete-omdigting te aanvaar, gaan oor die aanvaar en verdra van mekaar. Gereformeerdes moet tog nie in twee kampe verdeeld raak nie. Bondel - om geen verdelingslyne te trek nie - die Totius- en Cloete-berymings saam. En laat elke kerk dié beryming gebruik, wat hy wil.

Ons voel tot op 'n punt saam. Niemand wil dat broeders en susters, een kerkhuis, uiteengaan nie. Die vraag kom wel na vore of ons uiteengaan ten alle koste moet, ja selfs mag vermy. Ons eenheid is eenheid in ons Here Jesus Christus, eenheid in die waarheid. Ons moet in Hom, in sy Woord, een bly.

As almal dié eenheid wil bewaar, sal die Here ons by mekaar laat uitkom. Dan sal ons elke rede vir aanvaarding en elke rede vir afwysing van die Cloete-beryming aan die onder ons geldende norme toets. Dan gaan by die toetsing die Skrif en die belydenis oop. Daarvoor bly ons saam buig.

Doen ons dit? My antwoord op hierdie vraag is helaas ontkenning. Ons praat voortdurend in hierdie blad oor ernstige geskille in die kerke. Dit wat ons sê, word sowel dankbaar as teësinig gehoor, maar deur niemand vanuit die Skrif, die belydenis en die kerkorde weerspreek nie. Dit gaan, ook in die dispute oor die Cloete-beryming, oor handhawing van die gesag van en die eerbied vir die Woord. As argumente wat in hierdie blad teen dié beryming aangevoer word, nie skriftuurlik weerlê word nie, mag niemand verwag dat ware gereformeerdes tog wel Totius en Cloete se berymings in een bundel sal aanvaar nie. Eenheid? Ja, alleen in die Here, in die waarheid.

REGSMEDIIESE ETIEK

Eutanasie

Regsbeginsels en bybels gefundeerde oorwegings (3)

Dr AH van den Bout, Pretoria

Nadat in die eerste artikel die regsgrondslag van aktiewe eutanasie bespreek is, soos dit in die hofsaak van **Clarke v Hurst** aan die orde gekom het, het ons in die tweede artikel die Bybel gehoor oor lewe, kwaliteit lewe en dood. In hierdie derde artikel sal die begrip regmatigheid en onregmatigheid bespreek word, soos dit in die reg en soos dit in die Skrif gebruik word.

Wat verstaan die reg onder regmatig en onregmatig?

Regmatig beteken volgens die drietalige regswoordeboek van Hiemstra: wettig, regsgeldig, goorloof. Die Verklarende Afrikaanse woordeboek sê: regverdig, billik, en volgens reg. *Onregmatigheid* is dan onwettig, nie regsgeldig nie en dus ongeoorloof.

Onregmatigheid in die Deliktereg is 'n wesenslike kenmerk van die delik of die onregmatige daad. Die delik het twee kenmerke, naamlik dat die daad 'n feitlike belange-aantasting, asook regtens ongeoorloof of onredelik is. Die normstrydigheid is dus die wesenskenmerk van die onregmatige daad.

Die algehele norm of maatstaf is die regsopvatting van die gemeenskap, die *boni mores*. Onregmatigheid word volgens die toonaangewende hofsaak van **Universiteit van Pretoria v Tommy Meyer Films** basies aan die hand van die *boni mores* bepaal. Die *boni mores* toets is dus 'n objektiewe redelikeheidsmaatstaf. Hierby is daar 'n afweeg van belange ter sprake, naamlik die van die dader en die persoon of instansie wat deur sy handeling aangetas word.

By die redelikeheidsafweging kan volgens die regsboeke verskeie faktore 'n rol speel. Die aard en die omvang van die benadeling en die voorsiene en voorsienbare toekomstige skade, die moontlike nut vir die dader of die gemeenskap, die koste en moeite om die benadeling te voorkom, die waarskynlikheid van die sukses van die voorkomende stappe, die aard van die verhouding tussen die partye en die motief van die dader, ekonomiese oorwegings, die regsposisie in ander lande, etiese en morele kwessies en waardes, onderliggend aan die handves van menseregte, word oorweeg.

Die *boni mores* is dus die juridiese maatstaf waarin die heersende opvattinge van die Suid-Afrikaanse gemeenskap oor

reg en verkeerd tot uitdrukking kom. Deur hierdie maatstaf so aan te lê kan die regspraak aangepas word by die voortdurend veranderende waardes en behoeftes van die gemeenskap.

Subjektiewe gevoelens is volgens hierdie juridiese maatstaf dus irrelevant. Dit gaan om 'n objektiewe belange-afweging. Normaalweg is die regsopvatting van die gemeenskap voldoende uitgedruk in wette en reëls, maar dit kan soos by die **Clarke v Hurst** saak as 'n aanvullende maatstaf dien as daar geen duidelike regsnorme aanwesig is nie en as daar grensgevalle tussen reg en verkeerd voorkom. Die vraag kan byvoorbeeld gestel word: Kan 'n mens by noodweer aanvaar dat 'n ander mens se lewe geneem word om jou eie lewe en goed te beskerm?

Onregmatigheid kan ook ontstaan as iemand sy regsplig verbreek. 'n Behandelende geneesheer het 'n regsplig om vir sy pasiënt te sorg. Daar kan regs aanspreeklikheid ontstaan as iets nagelaat word om te doen en versuim word om te verhoed dat die pasiënt skade ly. Hierby word die geheel van omstandighede in oënskou geneem.

Daar kan ook regsverdigingsgronde geopper word, wat 'n oënskynlike onregmatige optrede aantoon as regmatig en wettig. Noodweer, noodtoestande, provokasie, toestemming, statutêre en amptelike bevoegdheid en tugbevoegdheid is 'n aantal van hulle.

Wat verstaan die Bybel onder regmatig en onregmatig?

Die woorde *regmatig* en *regmatigheid* in die Ou Testament word volgens die konkordansie van Trommius 'n aantal male gebruik. In Nehemia 9:13 gaan dit oor die Here wat op die berg Sinai neergedaal het en die mense verordeninge, wette, insettinge en gebooe gegee het. Dit gaan hier oor regmatige regte. Sien ook Jesaja 45:19: 'Ek is die Here wat geregtigheid spreek, wat regte (regmatige) dinge verkondig. In Psalm 9:9 en 96:10 word gemeld dat die Here die volke oordeel in regmatigheid. Hy vel sy vonnis met reg. In Jesaja 11:4 word geprofeteer dat die Here die sagmoediges met regmatigheid sal bestraf, met billikheid sal oordeel. In Maleagi 2:6 word daar oor Christus geprofeteer dat Hy in vrede en regmatigheid met God sal wandel, of soos die Afrikaanse vertaling van 1933 sê, in vrede en opregtheid.

Regmatig en regmatigheid in die Skrif wys ons op God se handelwyse. God self het die reg aan sy kant. Hy is reg en regverdig en oordeel in regmatigheid. Onregmatig kom nie in Trommius se konkordansie voor nie, maar wel woorde soos onreg, onregverdig, onregverdigheid. Die aanmatiging van 'n mens is die onregmatige toe-eiening van die reg, hoogmoedigheid en trotsheid van hart.

Dit is dan ook slegs God as die Skepper en Gewer van die lewe wat reg het op die lewe as sy skepping. Hy het regmatig geoordeel dat na die sondeval die dood sal intree. Dood is nie maar 'n natuurlike verskynsel wat nou eenmaal by die lewe behoort nie. Dood is onnatuurlik, 'n vyand van die lewe. As die een skepsel dus die ander skepsel se lewe neem en hom doodmaak, dan handel hy onregmatig. Net God het die reg en net Hy deel dit uit aan wie Hy wil.

Die owerheid het die swaardmag gekry. Die sesde gebod leer ons: Jy mag nie doodslaan nie. Ek mag nie my naaste met die daad doodmaak nie. Selfs die wortel daarvan, so leer die Heidelbergse Kategismus ons, soos afguns, haat, woede en wraaklus verbied die Here.

Uit dit alles is dit duidelik dat die gemeenskap se gevoel, die *boni mores*, nie in die Bybel die belangrikste riglyn is nie. Die Skrif leer ons die gebooie van God. Dit is ons riglyne en dit bepaal of iets reg of verkeerd is. Objektiewe redeliksheidsmaatstaf is dus nie die gemeenskap se oortuiging nie, maar die onveranderlike wette van God. Die belange-aantasting van 'n naaste is dus die belange-aantasting van 'n medeskepsel van God. Hierdie belange-aantasting kan slegs regmatig wees as dit volgens God se gebooie is.

Die Bybel is nie 'n regshandboek en nie 'n afweging van allerlei faktore om te bepaal of iets redelik is volgens Gods norme nie. Ons ontvang wel duidelike wette van die Here. Vir 'n ware christen is die juridiese maatstaf dus nie wat op daardie moment in die gemeenskap as reg of verkeerd aanvaar word nie, maar Gods wet. Die wet is onveranderlik. Daar kan egter omstandighede ontstaan waar dit vir 'n sondige mens nie duidelik is wat Gods wil in daardie situasie is nie. Die gemeenskapsgevoel mag egter nooit die leidraad wees nie.

Die wette en reëls wat ons land het, is dus ook nie noodwendig volgens christelike waardes daargestel nie. Hierdie wette en reëls is inteendeel dikwels opgestel deur ongelowiges en selfs heidense mense. 'n Spreekende voorbeeld daarvan is die humanistiese Menseregte Handves in ons nuwe grondwet. Waar die Here in die sesde gebod eis: *Jy mag nie doodslaan nie*, gee Hy ook die swaardmag aan die owerheid om die ongebondenheid te betuel en te straf. Die nuwe grondwet se artikel 11 is egter absoluut. Elkeen het 'n absolute reg op lewe. Die moordenaar wat self mense doodgemaak het, se reg op lewe is so absoluut, dat hy self nie met die doodstraf gestraf mag word nie. Doodstraf is onkonstitusioneel, soos dit genoem word.

Alhoewel daar baie goeie dinge uit so 'n Menseregte Handves voortkom, is die grondslag verkeerd. Die grondslag lê in die inherente regte wat 'n mens het en wat hy met sy menslike verstand kan uitredeneer. Dit lê nie in die Woord en wet van God nie. Waar daar dus grensgevalle is en probleemsituasies, soos in **Clarke v Hurst**, moet nie die objektiewe gemeenskapsgevoel as maatstaf dien nie, maar die Woord en wet van God.

Dit kan wees dat iemand, soos 'n geneesheer, 'n regsplig teenoor 'n ander persoon, soos sy pasiënt het, maar dan is die

regsplig gefundeer op die onveranderlike norme en waardes van die Woord en wet van God. Die nalaat van 'n regsplig sal dus altyd so beoordeel moet word. Regverdigingsgronde, om iets wat oënskynlik onregmatig lyk, goed te praat, kan dus slegs regmatig wees as dit volgens Gods Woord en wet regmatig is. Geen toestemming, noodweer, amptelike bevoegdheid of noodtoestand kan hierdie beoordeling ontsnap nie.

Dat ons in 'n sekulêre wêreld met sekulêre wette en reëls lewe, is 'n feit, maar christene sal voortdurend hulle standpunt moet bepaal, gefundeer op Gods Woord en wet. Abortuswetgewing wat *abortus provocatus* wettig, wil nie sê dat ons as gelowiges maar daaraan mag meewerk nie. Eutanase wetgewing soos dit in Nederland bestaan, wil nie sê dat dit daarom maar reg is nie. Daar rus op ons as christene die heilige plig om nie daaraan mee te werk nie.

Daar bestaan vir elkeen 'n vooroordeel in die wetenskapbeoefening. Die christelike vooroordeel word bepaal deur die norme wat God in sy Woord en wet geopenbaar het.

Regmatigheid en onregmatigheid by die eutanase saak van Clarke v Hurst

In die hofaansoek van dr Clarke se vrou is gevra om aan haar die kuratorskap oor haar breindood man te gee, sodat sy die mag sou hê om sy kunsmatige voeding te staak. Die doel van hierdie aansoek was om 'n einde aan die lewe van dr Clarke te maak. Die hof en regter Thirion moes dus besluit of die staak van die kunsmatige voeding onwettig of onregmatig is en of die kurator vir die dood wat daardeur sal intree, krimineel of deliktueel aanspreeklik moet wees.

Na 'n bespreking oor die reg se standpunt oor regmatigheid en die objektiewe gemeenskapsgevoel, waarby ook buitelandse hofuitsprake oorweeg word, kom regter Thirion tot die gevolgtrekking dat dit nie meer die gemeenskap se gevoel is dat dit onregmatig is as 'n dokter 'n ventilator afskakel, as bevind is dat 'n pasiënt breindood is nie. Hy stel egter vas dat die lyne van onderskeid tussen wat reg en verkeerd is, nie volgens die logika getrek word nie. Regter Thirion maak die gevolgtrekking dat die voeding van 'n pasiënt soos dr Clarke volgens die regsgevoel van die gemeenskap nie dien vir die doel van die ondersteuning van 'n menslike lewe soos *dit normaalweg bekend staan* nie. Die Hof spreek sy sterke voorkeur uit vir die behoud van menslike lewe, maar *nie teen alle koste en onafhanklik van die kwaliteit van lewe wat aan die gang gehou moet word* nie. Die deurslag gee hoe die pasiënt dr Clarke self daarvoor gevoel het voordat hy siek geword het.

Die regter maak dus 'n waarde-oordeel oor die kwaliteit van lewe, gegrond op die gemeenskap se gevoel daarvoor. Kwaliteit van lewe, het ons egter gesien, word aan waardigheid en heiligheid van die Skepper daarvan ontleen. Die mens is beeld van God. Die mens bestaan nie net uit 'n breinskors nie, maar bestaan in sy totaliteit van gees en liggaam. 'n Mens se lewe is kosbaar in die oë van die Here. As daar dus 'n aaneengeskakelde verband bestaan tussen die staak van voeding en die gevolg, naamlik die dood, en die gevolg kan met redelikheid, billikheid en goddelike regverdigheid toegereken word aan die handeling, dan is die handeling nie geregverdig nie, dan is dit onregmatig. Die mens matig dan homself die reg aan om oor die sterwe van 'n medemens te besluit. Daar rus 'n goddelike regsplig op elke mens om sy medemens se lewe te eerbiedig en in stand te hou. Al word die gemeenskap se gevoel so oorweldigend as gevolg van ongehoorsaamheid en afval van God se Woord en wet, dan nog bly daar die goddelike regsplig bestaan.

Dat daar probleemsituasies is waarvoor daar nie altyd klinkklaar oplossings voor die hand lê nie, is die werklikheid van ons gebroke bestaan. Om te besluit of 'n ventilator afgeskakel moet word by 'n breindood pasiënt, sal op grond van die bepaalde omstandighede deeglik oorweeg moet word. Die toestand van die pasiënt se liggaam, soos die hart, die longe, die niere en komplikasies daarvan, sal swaarwegend hierby wees. Uit eie ervaring is dit 'n geweldige en oorweldigende besluit wat geneem moet word. Dikwels is die oorplant van organe van die pasiënt 'n dryfveer om so 'n besluit te neem. Elke dokter wat so 'n besluit neem, sal dit ook teenoor die Here moet verantwoord.

Om voeding en kunsmatige voeding by 'n breindood pasiënt te staak wat nie in 'n sterwensmoment is nie, is nie in ooreenstemming met ons take en pligte as gelowiges nie. 'n Waarde-oordeel oor die kwaliteit van lewe kom ons nie toe nie. God het sy eie Seun na hierdie wêreld gestuur om die kwaliteit lewe weer te herstel in sy oorspronklike glorie. Minderwaardigheid van 'n menslike lewe is 'n wêreldse en

onbybelse idee. Ons tye is in Gods hand; kosbaar is in die oë van die Here die dood van sy gunsgenote. As dokters en regsgeleerdes is ons instrumente in sy hand om sy wil te volvoer. Om sy wil te verstaan moet ons sy Woord ken en om dit te ken verg studie en geloof en gebed.

Gevolgtrekking

Wat kan ons leer uit die hofsak van **Clarke v Hurst**? Hoe sal ons ooit weet of ons reg optree in soortgelyke gevalle? Die antwoord is eenvoudig. Kyk eers na die Bybel en vra wat God ons in sy Woord en wet openbaar. Beoordeel dan medies en juridies hoe ons na sy wil kan optree. Beoordeel die oordele van regsprekers en medici deur hulle oorwegings aan God se onfeilbare Woord en sy ewige wet te toets. Bespreek die saak met medegelowiges en maak bekend deur publikasie hoe 'n gelowige christen moet wandel. Staan vas by die ewige norme en wyk nie links of regs af nie. Laat die Woord van die Here altyd 'n lamp vir jou voet wees.

REKENAAR EN INTERNET

En nog 'n biblioteek

Spindle Works

Dr AH Bogaards, Daniëlskuil

Spindle Works Digital Library

'n Biblioteek wat ek baie graag besoek, is die Spindle Works Digital Library.

Die adres is <http://www.spindleworks.com/>

'n Biblioteek van 'Vrygemaakte' literatuur

Wat in hierdie biblioteek opval, is die vele name uit die 'Vrygemaakte' tradisie. U sal groot name daar aantref: Holwerda, Schilder, Van't Veer, Deddens, ensomeer. Van hulle werke is in Engelse vertaling in hierdie biblioteek beskikbaar.

Wie ken nie die skitterende Kategismusbundel van B Holwerda: *De dingen die ons van God geschonken zijn* nie? Wel, u kan Sondag 1 en 32 tot en met 44 uitneem - en hou.

Nog 'n onmisbare boek (artikel) is MB Van 't Veer se *Christological Preaching on Historical Materials of The Old Testament*. Vir die verklaring en prediking van die historiese stof van die Ou Testament word hierdie boek elke dag net meer en meer aktueel - veral in ons tyd, waarin teoloë geen raad meer weet met die verklaring en prediking van die Ou Testament nie.

Wat die etiek betref, is daar WG de Vries se *Marriage in honour*.

Daar is ook verklarings van die NGB en die Dordtse Leerreëls van Ds C Bouwman van die Free Reformed Church of Kelmscott in Australia. Hy het ook twee skitterende artikels oor die Sondag (*Calvin on the Sabbath*) en oor die vrou in die amp

(*Deborah and Barak: Example for Women or Embarrassmen for Men*) geskryf.

...en meer

Hier sal u nie net Vrygemaakte stof kry nie. Daar is ook werke van Kuyper en Bavinck. U ken sekerlik die kommentaar van H Hoeksema op Openbaring, *Behold He Cometh*. Ook dit staan op die rak.

'n Bybelstudiekursus

U sal voorts die skakel *A gift from heaven Bible Study Course* (<http://www.giftfromheaven.com>) sien. Dit is 'n Bybelstudie-kursus in 25 lesse en is uitgegee deur die Reformed Evangelism Taskforce van die Canadian Reformed Church.

Gaan kyk maar self verder

En hier moet ek sê: Ensovoorts. Ek kan nog baie meer noem, maar my bedoeling is slegs om u te prikkel om self te gaan kyk.

Spindle, die Bybelstudiesentrum en Theophilos

Van die werke hierbo genoem, het ek reeds verwerk in Theophilos-formaat en ek versprei dit op my Sola-CD.

Daar kan nog veel en veel meer van hierdie boeke op die CD geplaas word. U sien dus dat daar heelwat materiaal voorhande is wat verder versprei kan word deur die Bybelstudiesentrum op Daniëlskuil en via my tuisblad.

'N RAND PER WEEK VIR DIE BIBLIOTEEK

Die laaste maand is vier skenkings op ons bankrekening gedeponeer, te wete R2 745.11, R100, R60 en R143.50, totaal R3 048.61. Al die skenkings wat tot nou toe ingekom het, beloop R35 450 + R3 048.61 = R38 498.61.

Die eerste van hierdie skenkings is afkomstig van 'n kerkraad wat 'n ongebruikte fonds vir die goeie doel aangewend het. Die laasgenoemde bedrag is die eerste opbrengs in die kassie ('n Rand of meer per week vir die biblioteek) wat jongmense in 'n gemeente weekliks in die voorportaal van die kerkgebou plaas. Inisiatiewe soos hierdie stem 'n mens dankbaar. Die jongmense aktiveer die uitoefening van die amp van gelowige met die oog op hierdie liefdediens.

Broeders of susters wat van waardevolle boeke ontslae wil of moet raak, is welkom om die voorsitter van die Stigting, dr AH van den Bout, in te lig (telefoon 012 332 2988). Ons sal graag – om maar iets te noem - die acta (handelinge) van al ons sinodes in die studieverzameling opneem.

Ons het voorlopig ook op 'n naam besluit, naamlik Gereformeerde Inligting- en Studiesentrum Pretoria (afgekort: GISP). GISP moet nie as werkwoord gelees word nie. Dit is nie die bedoeling om vanuit GISP te gisp, ongunstige kritiek uit te oefen nie, tensy daar in die Gereformeerde Kerke van die Skrif, belydenis en kerkorde afgewyk word.

Ons vermeld ook met groot dankbaarheid dat ons twee rekenaars vir ontsluiting en beskikbaarstelling van literatuur

ontvang het. Die rekenaars kan ook vir aankaf van elektronies vervaardigde bronne aangewend word.

Ons is nog omtrent R62 000 van die eerste streefbedrag verwyder. Ons verwag in geloof: Ook hierdie skenkings gee ons broeders en susters uit die hand van die Here.

Bydraes kan regstreeks op die bankrekening gedeponeer word.

Die gegewens is:

Stigting vir Gereformeerde Literatuur

Absa Ben Swartstraat Tak

Wonderboom-Suid, Pretoria

Takkode: 334 645

Rekeningnommer: 90 7390 2771.

Tjeks, uitgemaak aan die Stigting vir Gereformeerde Literatuur, kan aan die voorsitter, dr AH van den Bout, oorhandig word of aan die administrasie-adres van *Waarheid en Dwaling* gestuur word. Adres:

Waarheid en Dwaling (administrasie)

Posbus 31712

Totiusdal 0134

Namens die Stigting,
Eindredakteur

MEDIESE ETIEK

TOT HOE LANK?

Prof JM Boon, Pretoria

Met moderne geneeskundige tegnieke het dit moontlik geword om terminaal siek pasiënte baie langer aan die lewe te hou in vergelyking met die beperkinge van vroeër. 'n Pasiënt met dikdermkanker sou dan byvoorbeeld al baie gouer weens die siekteproses gesterf het. Hoe ver mag ons gaan en waar moet ons ophou?

Die Here gee aan ons die sesde gebod. 'n Gebod wat ook in die gesondheidsorg geld: Jy mag nie wederregtelik doodmaak nie. Ons wys gevolglik alle vorms van aktiewe eutanase af. Maar sou die onttrekking of weerhouding van behandeling in die geval van 'n terminaal siek pasiënt ook op wederregtelik doodmaak neerkom?

Kom ons neem 'n voorbeeld. Meneer X word gediagnoseer met pankreaskarsinoom (kanker van die pankreas). Dit is nie meer moontlik om die kanker te verwyder nie, omdat veelvuldige verspreiding reeds na die lewer plaasgevind het. 'n Ernstige siekte met 'n prognose van vyf maande oorlewing vir meeste pasiënte. 'n Kanker wat die galafvoerbuise van die lewer steeds meer toedruk sodat gal nie meer van die lewer na die derm afgeskei kan word nie. Die gal begin dus stelselmatig in die liggaam ophoop en is verantwoordelik vir slegte newe-effekte. Hy kla oor naarheid en braking met elke maaltyd en erge jeuk. Sy gelaat word steeds meer geel van kleur en hy kla met tye van erge rugpyn en buikpyn. Meneer X kan menslik gesproke nie meer genees word nie. Sy behandeling word nou toegespits om simptome te bestry en om te sorg dat hy in die laaste maande van sy lewe nog sy God kan dien.

In die verlede sou Meneer X met verskeie plantaardige middels behandel kon word om die simptome te bestry. Soms sou hierdie behandeling tydelik verligting bring, maar die simptome sou dikwels baie erg wees. Uiteindelik sou die ophoop van gal in die liggaam sodanig sy breinfunksie aantast, dat hy in koma sou gaan en na verloop van tyd sou sterf.

Wat sou vandag beskikbaar wees om Meneer X te behandel? Chemo- en radioterapeutiese middels word vandag in die stryd teen kanker gebruik. Meneer X is egter nie geneesbaar nie. Daarom sou die onkologiese behandeling toegespits wees om die grootte van die kanker te verklein sodat die drukking en sodoende obstruksie op die galweë verminder kan word. Dit sal die ophoping van gal in die liggaam verminder en die simptome baie meer draaglik maak.

Daar kan verder operatief 'n 'stent' (rigiede buisie) in die galweë geplaas word, wat die galweë ophou en sodoende sorg dat die gal dreineer na die derm. Dit is 'n operasie onder algemene narkose en gaan gepaard met die normale risiko's van 'n buikoperasie.

Middels wat die jeuk en naarheid teenwerk kan binnespiers en

in die bloedstroom toegedien word. Hierdie middels het ook hul beperkings en werk gewoonlik die beste nadat een of ander prosedure gevolg is wat die obstruksie van galdreinasie verlig.

Meneer X se toestand versleg sodanig dat die simptome baie erg word en dat hy gedisorïenteerd raak. Daar word operatief 'n 'stent' ingeplaas om die galdreinasie te verbeter, waarna hy na 'n tydperk van 'n week weer beter word en weer helder kan dink en kommunikeer. Hy is egter nou meer bewus van die pyn en morfien word eers met medikasie per mond beheer, maar moet later konstant onder die vel toegedien word. Ten tyde van hierdie behandeling ervaar hy min nuwe-effekte van die morfien en kan hy nog rondbeweeg, met sy kinders en kleinkinders praat en selfs in die huishouding en werksaamhede help.

Na 'n paar weke versleg sy toestand egter enorm weens die verspreiding van die kanker en sterf hy.

Hierdie gevalstudie toon iets van die dilemma waarmee in mediese praktyk geworstel word ten opsigte van die grense en moontlikhede van behandeling van terminaal siek pasiënte. Dit gaan hier oor 'n terminaal siek pasiënt. Dus nie 'n pasiënt waar daar medies gesproke 'n goeie kans op genesing en herstel bestaan nie.

Eerstens moet ons stel dat daar geen swart-wit lyne getrek kan word ten opsigte van die aanvang, weerhouding en staking van behandeling in terminaal siek pasiënte nie. Elke pasiënt moet individueel hanteer word.

Tweedens mag ons sonder skroom gebruik maak van pynverligende en simptomeverligende middels wat beskikbaar is. Die Here het hierdie middels ook in sy skepping gelê om deur die mens gebruik te word, sodat die mens daarmee sy God kan dien. As dit beteken dat 'n operatiewe ingreep wat tydelik (weke of maande) verliging bring en breinfunksie verbeter, mag ons dit sien as 'n gawe van die Here om ook in die laaste tyd van lewe op aarde nog optimaal die Here te kan dien. Dit mag iemand in staat stel om nog laaste werk op aarde te verrig, om nog goeie gesprekke met sy kinders en kleinkinders te voer. Gesprekke wat die Here kan gebruik om die voortgang van sy werk in hierdie wêreld stukrag te verleen.

Dit mag die sieke in staat stel om nog in die laaste weke van sy lewe God se Woord te bestudeer, gerig te bid vir die uitbreiding van God se koninkryk, saam psalms te sing tot eer van die Here en miskien selfs nog kerk toe te gaan. Dit mag iemand in staat stel om laaste werk in God se koninkryk te doen, die laaste afrondingswerk aan 'n boek wat hy geskryf het byvoorbeeld, die skryf van briewe, die bestuur van sy finansies in diens van God se koninkryk as hy nie meer daar is nie.

Maar sou operatiewe ingreep en bestraling met die oog op simptomeverliging nie weer ander simptome op die voorgrond plaas nie, soos wat die naarheid, jeuk en deurmekaarheid van Meneer X deur hierdie behandeling verlig is, die pyn weer meer op die voorgrond gebring het nie? Sou daar in elk geval glad nie met hierdie behandeling moes begin gewees het nie? Weereens kan ons nie 'n reël neerlê nie, maar moet ons pasiënte individueel behandel. Dit mag in die een geval inderdaad nie gedoen word nie en glad nie neerkom op eutanase nie. In 'n ander geval mag sodanige ingreep tot goeie verliging van simptome aanleiding gee en kan ander middele gebruik word om weer die pyn te bestry, soos in die geval van Meneer X. Ons mag die middele wat die Here gee, verantwoordelik gebruik. Daarmee is niks fout nie. Hy gee dit immers. Maar dan kom die uitkoms van die behandeling neer op die feit dat dit nou vir die pasiënt moontlik is om sy God te dien op die plek waar die Here hom gestel het, al is dit in daardie stadium sy siekbed en die vier mure van die kamer. Die behandeling word nie gegee weens 'n krampagtige vashou aan die lewe en 'n altyd maar uitstel van die sterwe nie.

Derdens moet ons ook die grense van behandeling ken. Indien Meneer X in die laaste week longonsteking sou opdoen en daarvoor gehospitaliseer sou moet word, kan met reg gevra word of dit nog sinvol is? Mag ons nou nog aktief ingryp, terwyl dit duidelik is dat die Here nou besig is om sy kind tot hom te neem? Is dit nodig om nou weer 'n drip op te sit en antibiotika te gee? Sou die weerhouding daarvan neerkom op eutanase en dus teen die sesde gebod wees? Geensins. Ons moet ook die beperkings van mediese handeling ken. God vra dit van ons. Ons mag nie lyding onbepaald verleng deur hospitalisasie en ingrepe nie. Laat iemand as dit duidelik is dat God besig is om hom tuis te haal, rustig sterwe, as dit kan in die bekende omgewing van sy huis en omring deur sy kinders.

PERSSKOU

Ds GJ Meijer, Wonderboompoort

Onverwagse kritiek op GKSA

Die Gereformeerde Kerke (Vrygemaak) in Nederland het gedurende Mei 2002 in Zuidhorn in generale sinode byeengekom. Ds Tj de Boer skryf in *Nederlands Dagblad* van 21 Mei oor die gesprek wat die sinode gevoer het met deputate van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (VGKSA) – met wie hulle in korrespondensie is – asook met die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, met wie korrespondensie in die vooruitsig gestel word. Of soos dit genoem word: met wie 'n susterkerkrelasie aangegaan kan word. Die berig (uit Ndls vertaal) lees soos volg:

'Binne die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika word Skrifkritiese tendense getolereer'. Hierdie ernstige kritiek is Saterdag, 18 Mei 2002, geopper deur Suid-Afrikaanse vrygemaaktes op die Sinode van Zuidhorn. Dit het tot soveel vroe gelei, dat nog nie

besluit kon word om 'n susterkerk-verhouding met die GKSA aan te gaan nie. Ook ter wille van tyd moes besluitneming hieroor uitgestel word.

Die bespreking oor die aangaan van 'n susterkerk-verhouding met die GKSA, wat uit 130 000 lidmate bestaan, het goed voorbereid voorgekom, maar het uiteindelik amper 'n dag se bespreking geveer. Die deputate vir Betrekkinge met Buitelandse Kerke (BBK) het in hulle besluitvoorstel aangevoer dat die Suid-Afrikaanse kerke al sedert 1981 as ware kerk van Jesus Christus erken is. Verder het 'n gesprek tussen drie partye in Potchefstroom gedurende November 2000 volgens die BBK die nodige duidelikheid gegee. Die gesprek van die Vrygemaakte afvaardiging saam met dié van die VGKSA en met 'n dopper

afvaardiging het laat sien 'dat die GKSA die gesag van die heilige Skrif handhaaf'. Maar die verloop van sake soos deur die BBK voorgehou, het nie ooreengestem met die gevoelens van die afgevaardigdes van die VGKSA nie. Ds P Nel van die VGKSA het in sy toespraak 'opregte besorgdheid' laat blyk wat nie alleen die sinode nie, maar ook die deputate verras het. Volgens hom sou daar in bepaalde publikasies van dopper-predikante en teologiese hoogleraars sprake van Skrifkritiese tendense wees. Ds Nel het nie saamgestem met die slotsom van die deputate dat genoemde skrywers oor hulle vermeende Skrifkritiek aangespreek is en dat daar derhalwe geen rede is om die gereformeerde gehalte van die GKSA in twyfel te trek nie.

Dit gaan onder andere oor 'n hoogleraar wat 1 Timoteus 2 tydgebonde noem. Op hierdie Skrifgedeelte word die verbod op die vrou in die amp gebaseer. Ds Nel opper dat 'n openlike veroordeling van die bevoegde kerklike kant hieroor gemis word. 'Daar is sprake van 'n onheilspellende stilte'. Vandaar sy pleidooi om die aangaan van 'n susterkerk-verhouding 'nie onnodig te bespoedig nie'. Ds Nel het geadviseer om te wag totdat die dopper-sinode in Januarie 2003 sal vergader en hom moontlik oor hierdie vermeende Skrifkritiek sal uitspreek. Verder het hy kritiek gelewer op 'n nuwe Liedboek wat in Suid-Afrika ingevoer is. Dit sou 'n Psalmberyming bevat waaruit die 'verbondskarakter en verbondsoordeel' in vele opsigte uitgefiltreer is. Hy het gepraat oor susterkerk-verhoudings met onder andere die Hervormde Kerk in Suid-Afrika 'wat totaal vrysinnig is'.

Later in die bespreking het dopper hoogleraar A le R du Plooy gesê dat hierdie bewerings 'geen grond het nie'. In 'n bewoë reaksie het GKSA afgevaardigde dr CJ Smit laat blyk dat hy verras is oor die betoog van ds Nel. Hy benadruk dat die GKSA die historisiteit en outentisiteit van die Skrif vashou, en dat daar in diskussies slegs van eksegetiese verskille sprake is. 'Ons is beslis geen Skrifkritiese kerk nie'. Mede-afgevaardigde prof. Du Plooy noem dit 'ironies' dat 'n kerk wat al sedert 1859 bestaan, nou haar gereformeerde gehalte moet verdedig. Hy het die oproep gerig om mekaar te vertrou.

Uit die sinode-bespreking het dit geblyk dat party afgevaardigdes, onder andere ds K de Vries, hulle erg ongemaklik (''n gevoel van skaamte') gevoel het by die aanhoor van 'n openbare debat tussen twee kerke wat elkeen hulle eie saak verdedig. Kon die deputate dit nie voorsien en voorkom het nie? Ander afgevaardigdes was verwonderd daarvoor dat ds Nel so min voorbeelde van

Skrifkritiek genoem het en dat dit ook nie duidelik geword het wat onder die begrip Skrifkritiek verstaan moet word nie. Ds A van Houdt het ten gunste van die VGKSA opgemerk dat hy by laasgenoemde 'n 'hunkering na eenheid' bespeur het.

Deputaat ds Tj Boersma het in sy reaksie toegegee dat tydens die drie partye-gesprek van einde 2000 in die kommunikasie heelwat verkeerd geloop het. 'Ons het gefaal'. Briewe het te laat gekom of glad nie aangekom nie, of was inhoudelik te blatant. Maar om nou weer enkele jare met die aangaan van 'n susterkerk-verhouding te wag, beskou hy as ongewens, verseker in die lig van die ware kerk erkenning in 1981: 'Ons sou dit as 'n skande vir ons kerke bevind'. Bowendien onderhou die Christelike Gereformeerde Kerke al tientalle jare lank 'n susterband met die dopperkerke. 'Die verwyf van Skrifkritiek het in ons kringe nooit 'n rol gespeel nie. Wat ons van die GKSA weet, is slegs positief', het Christelike Gereformeerde deputaat prof. dr HGL Peels op versoek van die praeses, ds P Groenenberg, gesê. Hy noem bowendien dat hy die 'geestelike toon' in die woorde van dr Smit en prof. Du Plooy gewaardeer het.

In aansluiting by ds De Vries se opmerking dat die debat tussen twee kerke op so 'n manier tydens 'n sinode gevoer word, moet beklemtoon word hoe belangrik dit is dat deputate hulle werk behoorlik behandel en afhandel. 'n Generale sinode van die GKVN is tog nie die ruimte waar afgevaardigdes van die VGKSA en die GKSA mekaar oor belangrike sake soos hierdie behoort aan te spreek nie.

Nietemin moet sekere opmerkings wat in die berig weergegee is, uitgelig en in perspektief gestel word.

Om te beweer dat daar van Skrifkritiese denke in die GKSA hoegenaamd geen sprake is nie, moet getoets word aan uitsprake soos die volgende:

- 'Al is die Bybel nie 'n historiese handboek nie, aanvaar ons dat die getuienisse van gelowige Bybelskrywers 'n histories betroubare beeld van Jesus weerspieël'. Prof Fika J van Rensburg se verklaring ten opsigte van die Jesus-Seminaar.
- 'Die Bybel bly egter net 'n loergaatjie na God'. 'Die hele 'geskiedenis' van Genesis 1 tot 11 is verhale en mites van die ou tyd wat oral in omloop was.' Dr Willem de Klerk in 'Die vreemde God en sy mense'.
- 'Die manier waarop die skrywers in die Nuwe Testament gewoonlik geskiedenis geskryf het, verskil van die manier waarop ons dit vandag doen. Hulle het nie daarin belang gestel om alles wat gebeur het, presies so letterlik en agter mekaar te beskryf soos dit gebeur het nie. Vir hulle was dit belangriker om te vra wat 'n mens uit die verskillende gebeurtenisse kon leer. Hulle sal dus in hulle verhale episodes rondskuif en selfs die storie so 'n bietjie verander, solank hulle net die betekenis van die gebeurtenis helder en duidelik kan teken'. Bybellennium.

Al drie uittreksels getuig myns insiens van Skrifkritiek.

Aan die ander kant kan nie gesê word dat dit ongesiens verbygaan nie. In die kerklike pers word hierdie sake aangespreek. Ook in die ordelike kerklike weë. Vermeende Skrifkritiek word nie ooglopend aanvaar nie. Intendeel. Wat die resultaat van al die skrywes en optredes teen Skrifkritiek sal wees, kan nie vooruit gesê word nie. Die bede word uitgespreek dat die GKSA sal bly by wat ons bely.

Ds Nel se verwysing na die invoer van die nuwe Liedboek is prematuur. Die Liedboek word tans indringend deur die kerke bestudeer, en sal eers tydens die sinode van 2003 finaal beoordeel word.

Die opmerking oor die 'susterkerk-verhouding' met die Hervormde Kerk 'wat totaal vrysinnig is', is onwaar. Die enigste formele gesprekke wat tussen die GKSA en die Hervormde Kerk plaasvind, is by die Tussenkerklike Kommissie. Daardie gesprekke mag egter nie vertolk word as dat die GKSA haar sou vereenselwig met enige vermeende vrysinnigheid nie.

Ten slotte: Wat verhinder die GKVN om op sterkte van hulle 1981-uitspraak dat die GKSA ware kerk van Christus is, formele korrespondensie met die GKSA aan te gaan? Is dit nie juis ons roeping om die eenheid in Christus te soek en te vind nie? Ook al bring daardie eenheid mee dat daar met inspanning van alle kragte gesamentlik teen dwaling gestry moet word?

By die ter perse gaan van hierdie uitgawe het ons verneem dat kanker by die eind-redakteur, dr JG Meijer, gediagnoseer is.

Ons bid hom en sy familie krag en sterkte toe in hierdie beproewing.